**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 7475/2008

In die saak tussen:-

**ANNA SUSANNA ELIZABETH VAN DER MERWE** — Eiser

en

**PADONGELUKKEFONDS** — Verweerder

---

**UITSPRAAK DEUR:** KRUGER, R

---

**AANGEHOOR OP:** 30 en 31 AUGUSTUS 2011

---

**GELEWER OP:** 8 SEPTEMBER 2011

---

[1] Eiseres dagvaar die verweerder vir skadevergoeding voortspruitende uit 'n motorongeluk wat op 21 Augustus 2006 plaasgevind het. 'n Bevel is op 3 Junie 2010 gemaak dat verweerder 100% aanspreeklik is vir eiseres se bewese of erkende skadevergoeding.

[2] Die verhoor voor my het slegs met die quantum gehandel. Die enigste geskilpunte was die algemene skade vir pyn en lyding en die eis vir verlies aan inkomste. Daar was ooreenkoms tussen die partye oor die bedrag reeds gelede

mediese en hospitaaluitgawes en dat ‘n sertifikaat onder artikel 17(4)(a) van die Padongelukkefondswet 56 van 1996 vir toekomstige mediese uitgawes uitgereik sou word. Die deskundige verslae van eiseres is erken. Slegs eiseres het getuig. Geen getuienis is namens verweerder aangebied nie.

[3] Die eiseres het getuig dat sy na die motorongeluk in Augustus 2006 haar buurman gebel het en toe inmekaargesak het. Sy het ‘n bakkie bestuur. Die bestuurder van die Golf, waarmee sy kop-aan-kop gebots het, is as gevolg van die botsing dood. As gevolg van die botsing het sy harsingskudding opgedoen sowel as skaafwonde en laserasies aan die voorkop en ‘n nekbesering. Sy het ook ‘n intra-artikulêre fraktuur van die distale radius van die regterpols opgedoen, sowel as ‘n platofraktuur van die laterale tibiale plato van die regterknie en besering van die kraakbeen van die regterknie. Laasgenoemde twee beserings aan die regterpols en regterknie is die beserings wat tans nog die grootste probleme vir eiseres bied, en wat die fokus van die verhoor oor quantum was.

[4] Eiseres was vir vyf dae in die hospitaal. Op die eerste dag is penne in haar gewrig gesit. Die bloed en bene is uit haar knie verwyder. Haar nek was vir twee dae in traksie. Die wonde aan haar kop is verbind. Sy het geweldige pyn gehad en het anti-pyn inspuitings ontvang.

[5] Die pols is aanvanklik met 'n eksterne fiksator behandel. Dit het 'n jaar geduur vir die bene om by die pols te heg en toe het sy na 'n jaar 'n tweede operasie gehad waartydens haar pols styfgemaak is met 'n interne plaat.

[6] Toe sy uit die hospitaal is, was sy vir ses tot agt weke bedlêend. Toe begin sy met een kruk beweeg, wat baie moeilik was, want haar regterhand kon glad nie gewig vat nie. Een jaar en drie maande na die ongeluk kon sy loop soos sy tans loop, met 'n effense waggelgang. Vir die eerste vier weke nadat sy uit die hospitaal ontslaan is, het sy eenmaal per week anti-pyn inspuitings by haar huisdokter gekry. Sy het geweldige pyn verduur. Na die eerste maand het sy eenmaal per maand anti-pyn inspuitings gekry. Die pyn was in die gewrig en nek. Sy het toe ook erge hoofpyne

gekry.

[7] Eiseres is 'n boer. Na skool het sy vir omtrent ses maande as tikster by Sanlam gewerk en daarna het sy gaan boer. Sy is in 2003 geskei en van toe af boer sy op twee plase wat gesamentlik 370 hektaar groot is. Sy het twee spilpunte. Van die 370 hektaar is daar 100 hektaar landerye. 'n Tyd gelede het sy as gevolg van haar beserings deur die ongeluk opgedoen besluit om alles te verkoop. Die koper kon toe nie sy geld kry nie, en sy het daarna besluit om die plaas uit die mark te haal. Sy het nadat sy begin boer het in 2003 eers boerbokke gekoop en daarna skape gekoop. Sy het sedert daardie tyd vyf arbeiders. Twee pas skape op en twee is algemene plaaswerkers en daar is nog 'n werker. Voor die ongeluk het sy trekkers en stropers gery en vragmotors bestuur. Sy het ook gesweis en met 'n hoeksnyer gewerk. Die spilpunte kom van die hoof kanaal. Sy is op die vierde punt en dit gebeur soms dat daar gras en takke inkom en dan verstop die kanaal en dan moet dit oopgemaak word. Sy kon dit altyd self doen, maar nou het sy hulp nodig om die goed daar te kan uithaal. Sy kan nie die krane alleen oopdraai nie. Sy het twee trekkerdrywers. Sy moet self by

die landerye wees wanneer haar werkers gif spuit want dit kan gebeur dat hulle dit verkeerd doen. Wat groente betref, is dit baie arbeidsintensief. Daar is sekere goed wat nie onkruiddoder vat nie. Sekere soorte spinasie reageer nie op onkruiddoder en die gras tussenin moet uitgetrek word. Sy kan toesig hou, maar sy kan nie saam met die werkers wees nie. Dit vat nou baie langer om die werk gedoen te kry. Die werkers het ook groot waardering daarvoor as ‘n mens saam met hulle werk, wat sy tans nie meer kan doen as gevolg van die feit dat sy nie vir verder as ‘n halfuur of uur kan staan en nie vir meer as ‘n 100 of 200 meter kan loop nie en nie die werk kan doen nie.

[8] Wat vee betref, het sy 460 vleis merino skape. Sy was voor die ongeluk by gewees as die dosering gedoen is, maar nou kan sy dit nie meer doen nie. Wat die inspeksie van die heinings betref, kan sy dit nou ook nie meer self doen nie. Sy vind dit moeilik om in die bakkie in te klim, want sy het pyn as sy inklim.

[9] ‘n Plaasarbeider verdien nagenoeg R1 300,00 per maand en sy meen as sy ‘n addisionele plaaswerker sou kon kry, sou

dit haar help om die situasie te verlig. ‘n Plaasvoorman verdien R6 000,00 plus per maand en die grootte van haar boerdery regverdig nie ‘n plaasvoorman nie. ‘n Plaasvoorman sou kon toesig hou.

[10] Sy is gevoelig vir klimaatsveranderinge nou deur haar klagtes, want die skroewe en die plaat maak die koue erger en sy kom omtrent eers tienuur in die oggend uit die huis uit en intussen moet die boerdery aangaan.

[11] Eiseres se huidige klagtes is dat sy vir die laaste ses maande daagliks hoofpyn kry, veral in die oggende. Soms is dit baie erge migraine. Sy gebruik elke tweede dag medikasie wat sy by die dokters kry vir die hoofpyne.

[12] Haar gewrig gee baie las. Sy kan nie skoenveters knoop nie. Sy sukkel om die gespes aan skoene vas te maak. Sy moet hulp hê om juwele aan te sit. Sy kan nie ‘n haardroër vashou nie. Sy kan nie op ‘n leer staan nie. Voorheen het sy gordyne alleen afgehaal, maar haar hand kan nou nie eers ‘n bottel water optel nie. Die pols kan nie behoorlik buig en sy kan nie gryp nie.

[13] Wat die knie betref, het die dokters gesê sy moet 'n knievervanging kry, maar hulle sê sy is nog te jonk daarvoor, want die leeftyd van so 'n knie is ongeveer tien jaar en sy sal nog 'n paar jaar moet wag tot die simptome te erg word voordat sy dit sal kan kry. Dit word dus in die vooruitsig gestel dat sy wel 'n knievervanging sal kry. Die eiseres is gebore op 2 November 1965 en is dus nou in haar middel veertigs.

[14] Wat eiseres se persoonlike omstandighede betref, sê sy sy kan nie bad nie. Stort is moeilik, want sy kan nie lank staan nie. Sy kan nie lank sit, staan of lê nie. Die knie en die regterheup raak seer. Omdat sy oneweredig en mank loop laat die knie haar rug pyn. As sy sit moet sy haar posisie verander deur haar heupe. Na die ongeluk het sy 20 kilogram gewig opgetel, omdat sy minder doen. Voor die ongeluk het sy hokkie gespeel vir die senior vroue van die Noord-Vrystaat. Sy het vis gevang. Nou kan sy dit nie meer doen nie, want die aksie van die lyn ingooi kan sy nie meer doen nie. Sy was lief vir dans. Sy het vierwiel motorfiets gery saam met haar seun. As stokperdjie het sy ook

tuinwerk gedoen, wat sy nou alles gelos het. Sy kan nie op haar knieë staan nie. Wat naaldwerk betref, doen sy net herstelwerk, maar sukkel om die garing in die naald te kry om die masjien te bedraad en iemand moet haar daarmee help.

[15] In kruisondervraging deur mnr Coetzer, namens die verweerder, het sy bevestig dat sy tans vyf werkers het en ook voor die ongeluk vyf gehad het. Sy het gesê dat sy addisioneel daartoe ook 20 tot 60 werkers gehad het in die groenteseisoen. Wat haar verlies aan inkomste betref, sê sy haar verloofde, wat sy van 'n buurplaas af ken, help haar en staan in met haar boerdery, maar hy het sy eie boerdery en moet ook daar daagliks toesig hou.

[16] Sy het gesê dat daar definitief 'n afname in die winsgewendheid van haar boerdery is. Voor die ongeluk het sy het 'n X3 BMW gekoop en 'n Hyundai bakkie en hulle moes afbetaal word en sy was ten volle op dreef om hulle af te betaal. Sy was ook op dreef om haar oortrokke rekening by die bank af te betaal, maar tans maak die rente daar haar klaar. Sy kan nie nou by daardie betalings bykom nie. Sy

stem saam dat die koste gestyg het en dat daar ook markverwante prysstygings plaasgevind het. Sy stem saam dat daar stygende insetkostes was en daardie faktore het wel ook ‘n invloed op haar. Dit is aan haar gestel dat volgens die deskundige verslae van dr Van Jaarsveld het sy in die jaar 2005 ‘n netto verlies gehad van R267 923,00 en in 2006 ‘n netto verlies van R180 328,00. Sy het gesê dat dit te wyte is aan die kapitaal uitgawes wat sy aangegaan het by wyse van die spilpunte en ook die verbeterings wat sy aangegaan het en dan natuurlik ook die voertuie wat sy gekoop het wat alles uitgawes behels het wat afgetrek moes word van die wins van die boerdery. Sy sê sy het winsgewend geboer vir die afgelope vyf jaar en beduidende verbeterings aangebring. Verbeterings wat sy aangebring het, soos byvoorbeeld die spilpunte, hou basies lewenslank. Dit is moeilik om die winsgewendheid van ‘n boerdery te bereken. Jy kan nie werklik jou uitgawes bepaal nie. Dit is moeilik om die uitgawes te bepaal.

[17] Wat haar beserings betref, het sy in kruisondervraging gesê dat haar heup nie reg is nie. Sy het ongemak in die regterheup. Sy het twee rugoperasies op ‘n vroeë leeftyd

gehad as gevolg van iets wat onverwant is aan die ongeluk en haar probleme met die stap kom uit die knie en nie uit die rugoperasie nie. Die rugoperasie het haar rug totaal herstel. Sy het in 1981 weer geval, 14 dae na die aanvanklike operasie. Toe het sy rugpyn gehad. Dit was 'n fratsongeluk, maar daardie besering het 100% herstel.

[18] Wat haar migraine betref, sê sy sy sukkel om uit die bed uit te kom. Sy kry inspuitings omtrent eenmaal per week. Sy het elke dag hoofpyn oor die laaste ses maande. Dit word erger en dit is definitief nou 'n groot probleem vir haar. Dit is aan haar gestel dat sy ouer word en dus minder aktief op die boerdery sal wees, waarop sy vermeld het dat haar vader 75 jaar oud is en nog steeds baie aktief op sy plaas is en dat sy dus nie kan sien dat daar 'n vinnige einde aan haar aktiwiteite op die plaas behoort te wees nie. In herondervraging is sy gevra waarom sy nie 'n ekstra werker aangestel het nie en sy sê dat sy dit tot dusver nie kon bekostig nie. Sy het wel 'n kode 14 bestuurderslisensie om haar swaar vragmotor te bestuur om groente na die mark te neem, maar tans maak dit meer ekonomiese sin om die vervoerwerk deur 'n kontrakteur te laat doen wat dan na die

mark ry en dan ook ‘n vrag terugbring.

[19] Dit het eiseres se getuienis voltooi. Tydens betoog het die advokate gekonsentreer op die twee beserings, naamlik die pols en die knie. Mnr Steenkamp, namens eiseres, het die twee apart behandel en na sake verwys wat met beide handel. Mnr Coetzer sê dat hulle nie afsonderlik gesien kan word nie en dat hierdie ‘n geval van veelvuldige beserings is wat gesamentlik gesien moet word. Daar is ‘n mate van waarheid in wat beide advokate sê, soos wat hieronder sal blyk en ek handel vervolgens met die submissies wat die advokate gemaak het oor die beserings en die sake waarna hulle verwys het. In sy betoog het mnr Steenkamp verwys na die verslag van die arbeidsterapeut, Letitia Reyneke, waar sy op bl 11 van haar verslag by die deskundige bundel sê:

> “The client does not weight-bear sufficiently on her right leg, due to pain when walking. She has a slight limp on the left side, when she walks and she complains of pain in her back, when she walks, especially over uneven surfaces and long distances.

Op bl 12 sê sy:

> "...it was observed, though, that her physical endurance is poor. She was constantly breathless, sweating and complained of tiredness in her limbs during the assessment of climbing stairs, walking longer distances, crawling, carrying, etc."

Betreffende pyn, het die eiseres gesê dat sy omtrent 80 tot 90% steun op pynpille. Die verslag vermeld dat daar 'n 85% onvermoë is ("disability") wat 'n "severe disability" is. Die handfunksie word geïnterpreteer en die linkerhand is ondergemiddeld en die regterhand is baie swak. Oor die afhanklikheid van die eiseres blyk dat sy probleme het met toiletgebruik, aantrek, trappe klim en bad, soos wat die eiseres ook getuig het. Uit die verslag vermeld sy ook dat sy nie aandag aan haar tuin gee nie en wat stap betref en mobiliteit vermeld die verslag dan soos volg op bl 22:

> "The client is unable to negotiate short uneven distances and long distances (even and uneven). She has poor balance and experiences pain with fast walking – her agility is therefore poor and she moves slow and cautiously as a result. She has difficulty to crawl, due to pain and stiffness in her back and knee

> and she has excessive pain when weight bearing on her wrist, while crawling. She has difficulty in climbing, especially when lifting her foot higher than hip level, due to pain and stiffness in her right knee and hip."

Die arbeidsterapeut handel met werksmoontlikhede en sê dan dat eiseres 'n boer is en sy kan niks anders doen nie en die aanpassings wat sy moes gemaak het as gevolg van die ongeluk is soos volg:

1. Om op te hou met haar groentetuin;
2. Om meer plaaswerkers en huiswerkers aan te stel;
3. Om 'n tuinier aan te stel om na haar tuin te kyk, en
4. Om 'n voorman aan te stel vir haar plaas.

Mnr Steenkamp het ook verwys na die bedryfsielkundige, Susan van Jaarsveld, se verslag waar sy die huidige klagtes bespreek en 'n finale opinie gee. Sy gee 'n opsomming van die huidige klagtes, naamlik dat sy beperkte beweging het; dat sy pyn in haar linkerknie het; dat sy daagliks kopsere het; dat sy nie vir langer as omtrent 10 minute kan staan nie; dat sy nie vir langer as omtrent 30 minute kan sit nie; dat sy nie vir lang afstande van omtrent 500 meter kan loop nie; dat sy nie swaar voorwerpe kan optel of dra nie; sy kan nie trappe

klim nie; sy kan nie op haar hurke sit nie en sy word geïrriteerd en gefrusteerd as gevolg van haar toestand. Die bedryfsielkundige meld dat sy nie fisiese werk kan verrig nie en dit tas haar werk aan as boer, want sy kan nog 'n raadgewende rol speel, maar nie eintlik veel meer nie.

[20] Die ortopediese chirurg, Dr Ziervogel, vermeld in sy verslag hoe die operasies uitgevoer is op die regterpols en die regterknie en dat sy in die hospitaal was. Dr Ziervogel sê dat die hoofpyn waarvan sy kla waarskynlik post-konkussie hoofpyn is. Dit kan 'n baie lastige probleem wees en as dit nie binne twee jaar bedaar nie, moet daar 'n verslag van 'n neuro-chirurg verkry word. Hierdie verslag is gedoen in Desember 2007. Daar het dus twee jaar verloop. Die hoofpyne duur voort en dit lyk asof daar verdere aandag aan hierdie hoofpyne gegee sal moet word hoewel die advokate in betoog nie veel aandag daaraan gegee het nie as synde voortspruitende uit die res van die beserings. Dr Ziervogel meld dat die kanse 100% is dat sy op laat middeljarige leeftyd 'n knievervanging sal moet kry. Die kroniese pyn dra sekerlik nie by tot die kwaliteit van lewe nie. Dr Ziervogel handel met die bepaling van ongeskiktheid en hy bepaal die

beperkings soos volg: die nek – vyf persent, die regterpols – 13 persent en die linkerknie – twee persent en na die ongeskiktheid sal die ongeskiktheid 15 tot 30 persent wees afhangende van die uitkome van die ongeluk.

[21] Mnr Steenkamp handel dan ook met die verslag van Dr Piet Engelbrecht, die ander ortopediese chirurg, wat sê dat eiseres nie op ongelyke grond kan loop nie; sy kan nie in ‘n ploegland loop nie. Hy meld huidige klagtes: dat die linkerknie pyn het; die regterpols is verstyf en kan nie gebruik word nie. Hy sê dat akute pyn verduur is vir omtrent 10 tot 12 dae gevolg deur matige pyn vir ten minste ses weke en chroniese pyn vir die pols wat drie maande geneem het om te herstel en dan sê hy ook dat sy nog steeds chroniese pyn het en dit word verwag dat die chroniese pyn sal toeneem soos wat die tyd verbygaan. Hy sê volgens die tabelle wat hy geraadpleeg het, is die permanente verlies van werkkapasiteit 30% en hy beveel aan dat 30% toegelaat word vir haar verlies aan inkomste.

[22] Mnr Steenkamp verwys dan ook na die aktuaris, Ian Morris, se verslag wat praat van die huidige salaris van

plaaswerkers van R1 375,94 per maand en hy werk dan die loon uit wat dit sou behels as daar 'n ekstra arbeider aangestel word.

[23] In sy betoog sê mnr Steenkamp dat toesighouding bly die probleem. 'n Voorman is duur en kan nie deur haar bekostig word nie en die keuse is dus dat iemand verkry word wat haar sal kan help en die basis vir die uitwerk van 'n ekstra werknemer wat hy gebruik het, is die saak van **PRESIDENT INSURANCE CO LTD v MATHEWS** 1992 (1) SA 1 (A). Daar was 'n boer van 57 jaar oud en dieselfde basis is in hierdie saak gebruik om die kostes van een addisionele werker te gebruik om die kostes van verlies aan inkomste te bereken.

[24] Wat die algemene skade betref, verwys mnr Steenkamp na verskeie sake. Wat die kniebesering betref, sê mnr Steenkamp dat haar heup seer raak as gevolg van die oneweredige loopgang. Haar hoofpyne neem toe. Sy kan nie meer op die plaas behoorlik toesig hou nie.

Die verwysings is almal na Corbet en Buchanan en die

toekennings word in 2011 rand waarde weergegee soos deur die advokate bereken:

A. Gewrig

(1) **WELLS et UXOR v SHIELD INSURANCE CO LTD** (1966) (K)

Corbett en Buchanan, Vol I, p 648

‘n 62-jarige tikster het ‘n fraktuur van die radius en ultra by haar regterpols gehad. Sy het hoofpyne gekry. Sy kon nie vir langer periodes tik nie – R89 000,00.

(2) **NYEZI v RONDALIA ASSURANCE CORPORATION OF SA LTD** (1964) (N)

Corbett en Buchanan, Vol I, p 542

‘n 49-jarige priester het beserings aan sy femur en pols gehad. Daar was ‘n operasie om ‘n been uit die pols te haal en twee operasies om die been te herstel – R119 000,00.

Wat die gewrig betref, stel mnr Steenkamp ‘n bedrag van R100 000,00 skadevergoeding voor.

B. Knie

Hier het mnr Steenkamp na vyf sake verwys.

(1) **VAN DEN BERG v MOTOR UNION INSURANCE CO LTD** (1953) (Ook-Kaap)

Corbett en Buchanan, Vol I, p 533

'n Vrou van 45 het veelvuldige beserings opgedoen, naamlik gebreekte ribbes en 'n beseerde knie. Sy het voortdurende hoofpyn – R105 000,00.

(2) **TITUS v ROAD ACCIDENT FUND** 2003 – Arbitrasie

Corbett en Buchanan, Vol V, E 7 – 9

Knie-probleem, wat nie presies omskryf kon word nie. Hy was permanent ongeskik om as brandweerman te werk – R125 000,00.

(3) **ZUNGU v AUTO PROTECTION INSURANCE CO LTD** (1963) (D)

Corbett en Buchanan, Vol I, p 459

'n 33-jarige polisiekonstabel het sy tibia gebreek as gevolg waarna die knie onstabiel geword het.

Hy kon nie meer motor bestuur. Knie het verstyf – R153 000.00.

Mnr Steenkamp het toegegee dat **ZUNGU** se besering meer ernstig as eiseres s'n was.

(4) **FROST v SCOTTISH UNION AND NATIONAL INSURANCE CO** (1952) (K)

Corbett en Buchanan, Vol I, p 455

'n 41-jarige man wat 'n werk gedoen het waar hy baie moes loop en staan, se knieskyf is vergruis. Daar was 'n operasie om helfte van die knieskyf te verwyder. Erge pyn. Dertig grade beperking van beweging – R155 000,00.

(5) **WITHAM v MARSHALL AND JACKSON** (1957) (SR)

Corbett en Buchanan, Vol I, p 493

'n 40-jarige vrou wat vir haarself gewerk het se tibia is gebreek. Daar was twee operasies. Waarskynlik dat artritis sou volg. Waarskynlike derde operasie. Haar knie kon net 90º draai in

plaas van die normale 140º - R238 000,00.

Wat die kniebesering betref, sê mnr Steenkamp dat haar heup seer raak as gevolg van die oneweredige loopgang. Haar hoofpyne neem toe. Sy kan nie meer op die plaas behoorlik toesig hou nie.

Mnr Steenkamp sê as mens die gewrig- en kniebeserings saamneem, behoort 'n toekenning van R200 000,00 tot R250 000,00 gemaak te word.

[25] In sy betoog voer mnr Coetzer, vir die verweerder, aan dat eis vir verlies van inkomste afgewys moet word. Wat die eis vir algemene skadevergoeding betref, sê mnr Coetzer dat mens hier met veelvuldige beserings te doen het en jy nie die bedrae vir die knie en pols eenvoudig kan bymekaar tel nie, met verwysing na

**MDUNGE v MULTILATERAL MOTOR VEHICLE ACCIDENTS FUND** (1998) (N)

Corbett en Buchanan, Vol IV, J2 – 145, te 148 – 149

Mnr Coetzer verwys na onder meer die sake in Vol V van Corbett en Buchanan wat handel met veelvuldige beserings. Dit lyk of mnr Coetzer eenvoudig op die indeks van die sake oor "multiple injuries" in Vol V, by Afdeling J afgegaan het en die sake wat naastenby relevant was, gesien het. Dit is nie sinvol om na al die sake te verwys wat Mnr Coetzer genoem het nie.

[26] Mens soek by die bepaling van quantum vergelykbare sake. Soos mnr Steenkamp aantoon, is in hierdie geval die besering van die pols en die knie onafhanklik. Elk het sy eie gevolge. Die eindresultaat van die twee beserings, omdat albei aan die regterkant is, maak beide se gevolge erger, omdat die regterhand nou nie die regterbeen kan help nie en die regterbeen kan nie die regterhand help nie. In hierdie geval is dit sinvol om die erns van elke besering te bepaal en dan gesamentlik te beoordeel. Na my mening moet R100 000,00 vir die pols toegelaat word. Die skade aan die knie skep 'n groot beperking vir eiseres, want boerdery is al werk wat sy ken. Ek meen die gevalle van **ZUNGU** en **FROST**, waarna hierbo na verwys is, is vergelykbaar. Mens moet in gedagte hou dat die hoofpyne erger word; 'n knievervanging

wag vir eiseres. Haar bewering is reeds erg belemmer en haar pyn word erger. Ek sou gemeen het R150 000,00 vir die knie is nie buitensporig nie, en omdat mens die twee beserings saam moet beoordeel, sou ek 10% aftrek van die totaal wat die bedrag dan op R225 000,00 te staan sou bring.

[27] Wat die eis vir verlies aan inkomste betref, gee mnr Coetzer toe dat eiseres se grondslag om die eis te bereken op die basis van 'n addisionele werker, korrek is in die omstandighede. Hy sê egter, met verwysing na **Law of Third Party Compensation** deur H B Klopper (2000) op 188 – 189 dat, voordat 'n eis vir 'n vervangende werker toegelaat kan word, is een van die vereistes dat eiseres moet aantoon dat voor die ongeval, was haar besigheid lewensvatbaar. (Klopper gebruik die woord "viable".) Klopper verwys na 'n beslissing, waar daar 'n oortrokke rekening by 'n plaas was wat besig was om toe te neem.

> "The records showed that there was no prospect of the farm earning a sufficient income to contribute materially to the cost of servicing the bond." (Klopper, bl 189, Voetnoot 316)

[28] In die huidige geval steun mnr Coetzer op die jaarstate van eiseres se plaas waarna Dr Van Jaarsveld verwys, waarvolgens eiseres se plaas in 2005 ‘n netto verlies van R267 923,00 en in 2006 ‘n netto verlies van R180 328,00 getoon het. Die state is nooit aan eiseres getoon vir kommentaar tydens kruisondervraging nie en die state is nie voor die hof geplaas nie. Die eiseres was ‘n eerlike en reguit getuie wat nie probeer aandik het nie en geen kritiek is teen haar geopper deur mnr Coetzer nie. Die eiseres se getuienis was dat sy na 2003 groot en duur kapitaalbeleggings op die plaas aangebring het, met verwysing na die installering van spilpunte, wat ‘n baie lang leeftyd sal hê. Haar getuienis was ook dat sy ‘n BMW X3 voertuig en ‘n bakkie gekoop het op huurkoop, wat nou beide afbetaal is. Sy het getuig – onbetwis – dat sy besig was om haar skulde af te betaal.

[29] Met sulke getuienis kan nie betoog word dat die plaas nie lewensvatbaar was nie. Die state sal die lenings aantoon. Die feit dat daar ‘n netto verlies getoon word (wat trouens gekrimp het van 2005 tot 2006) dui nie daarop dat die besigheid nie lewensvatbaar was nie.

[30] Die eiseres se eis om ‘n addisionele werker aan te stel, ondervang tot ‘n mate haar ingeperkte vermoëns en moet toegelaat word op die basis soos bereken deur mnr Morris. Daar is geen gronde om met die gebeurlikhede in te meng nie. Dit lyk of die eiseres se toenemende hoofpyne en 100% kans op ‘n knievervanging, in die nie so verre toekoms daartoe sal lei dat die eiseres se posisie eerder sal agteruitgaan as beter word. Daar is op die getuienis nie rede om te glo dat haar toestand sal verbeter nie.

[31] Die laaste aspek waaraan aandag gegee moet word, is mnr Steenkamp se betoog dat eiseres vergoed moet word vir die feit dat sy nie meer kan toesig hou soos voorheen nie. Hy sê hierdie verlies is nie deel van haar algemene skadevergoeding vir pyn en lyding nie en vorm ook nie deel van die eis vir die koste van ‘n addisionele werker nie.

[32] Die beginpunt van mnr Steenkamp se betoog oor die eis vir verlies aan inkomste is **PRESIDENT INSURANCE CO LTD v MATHEWS** (*supra)*, waar ‘n 57-jarige boer as gevolg van ‘n botsing toegelaat is om ‘n bykomende werker in diens te

kan neem. Die Appèlhof sê dat betoog sou kon word dat eiser beter daaraan toe was omdat daar nou 'n bykomende werker was, maar vind dan op die getuienis dit nie so was nie. Eweneens in die huidige saak is dit onbetwis dat die eiseres nou minder kan werk en minder kan toesig hou. Sy kry 'n bykomende werker, wat die werklas vir al die werkers minder maak en wat ook tot gevolg behoort te hê dat daar minder toesighouding nodig sal wees, omdat daar meer werkers is wat meer werk kan doen. Die ekstra werk wat ses in plaas van vyf werkers doen, maak op vir die verlies aan toesighouvermoë van die eiseres. Daar is geen basis vir 'n verdere vergroting van die eis vir verlies aan toekomstige inkomste nie. Dit is reeds verreken in die aanstelling van 'n bykomende werker.

[33] **<u>BEVEL</u>**

1. Die verweerder sal 'n sertifikaat uitreik ingevolge artikel 17(4)(a) van die Padongelukkefondswet 56 van 1996 vir haar toekomstige mediese- en hospitaaluitgawes.
2. Die verweerder moet eiseres betaal vir reeds gelede mediese uitgawes – R23 163,69.
3. Die verweerder moet eiseres betaal as volg:

3.1 Algemene skadevergoeding van R225 000,00.

3.2 Afgelope verlies aan afgelope inkomste – R51 043,00.

3.3 Toekomstige verlies aan inkomste – R86 485,00.

4. Die verweerder word gelas om die koste van die geding te betaal.

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens eiseres: | Adv. M. D. J. Steenkamp<br>In opdrag van:<br>Wessels & Smith<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens verweerder: | Adv. J. C. Coetzer<br>In opdrag van:<br>Matsepe Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |

sp/em